SA GEMEENTE
SA CONGREGATION




.. 'En deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.'
Jesaja 53:5

# Tema vir die Maand
# IN Geloof

Christenskap is een van die drie monoteïstiese (geloof in een God) gelowe in die wêreld wat hul oorsprong vind in God se verbond met Abraham. Alhoewel dit in Engeland vandag offisieel 'n minderheids-geloof is, *is die Christendom die wêreld se grootste en mees wydverspreide godsdiens met ongeveer 2,4 biljoen volgelinge wat ongeveer een derde van die wêreldbevolking* verteenwoordig versprei oor 157 lande en streke (Wikipedia).

Die *History* Channel beskryf die Christen geloof soos volg:
*The Christian faith centers on beliefs regarding the birth, life, death and resurrection of Jesus Christ. While it started with a small group of adherents, many historians regard the spread and adoption of Christianity throughout the world as one of the most successful spiritual missions in human history.*

Christene glo dat Jesus die Seun van God is, wie se koms as die Verlosser (of Messias soos geprofeteer in die Hebreeuse Bybel, die Ou Testament) opgeteken is in die Nuwe Testament. Die vier *Evangelies* (wat "Goeie Nuus" beteken) vertel vir ons die verhaal van God wat in Sy Seun se lewe, sterwe, opstanding en Gees die wêreld verander.

Geloof in God definieer elke gelowige se lewe. Tog is daar verskillende uitgangspunte van wat dit beteken om 'IN Geloof' te leef. Dit is waar van die monoteïstiese gelowe, asook die onderskeie takke van die Christendom. In ons reformatoriese tradisies is dit van kardinale belang om telkens en deurlopend, in gebed te ondersoek hoe ons L*ewe In Geloof* daarna moet uitsien.

Andrè

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Lewe IN geloof

Die Heidelbergse Kategismus is opgestel in Heidelberg, Duitsland. Die nuwe kategismus was bedoel as hulpmiddel vir die onderrig van jongmense, asook 'n gids vir prediking, en om eenheid tussen Protestantse faksies te bewerk. Bestaande literatuur is gebruik en verwerk. Die eerste Kategismus was goedgekeur deur die Heidelbergse Sinode in Januarie 1563, en was toe reeds ingedeel in 52 seksies (een vir elke Sondag van die jaar). Die Heidelbergse Kategismus was in 1619 ook deur die Sinode van Dordrecht goedgekeur en aanvaar. Vandag is dit steeds die mees wydverspreide en vertaalde kategismus uit die Reformasie tydperk.

Die Heidelbergse Kategismus is in drie dele verdeel. Die eerste deel handel oor die sonde-toestand en ellende van die mens. Die tweede deel handel oor die verlossing van die mens deur die liefde en genade van God. Die derde deel handel oor die nuwe lewe in geloof en dankbaarheid wat uit gelowiges se lewens vloei. In geloof sien en begryp ons hoe Jesus Christus die mens se bestaan transformeer. IN geloof word die ou lewe nuut; verander duisternis in lig; is die finaliteit van die dood eintlik die begin van die lewe.

As gelowiges in die 21ste eeu is dit steeds relevant en krities om stil te staan en te weet hoe ons, ons lewens in geloof moet leef. Ek wil jou uitnooi om in geloof, oor die volgende maand, saam te lees en te bid dat die betekenis van die Paas-gebeure in geloof gesien en verstaan sal word.

Geseënde Paastyd
Andrè



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE

GESAMENTLIKE PAASDIENS GUILDFORD
DAAR WAS 'N HOUTKRUIS
MANNE NAWEEK
DAMESOGGEND
DOOP SONDAG
RESEP VAN DIE MAAND
THE REAL PEARL NECKLACE
TODAY
INSPIRASIE VIR APRIL
KONTAK ONS




**9 April - 10 uur**

**Gesamentlike Paasdiens en ete in Guildford**

Kom loof en aanbid saam by
Kings College, Southway,
Guildford, GU2 8DU
Na die diens kuier en eet almal saam.
£15 vir volwassenes,  £8 vir kinders 5-12jr, 0-4jr gratis
Spyskaart: 'Pulled pork', groente, slaai, broodjies en nagereg
Bring asb jul eie drinkgoed saam
Koop jou kaartjies hier

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Daar was 'n Houtkruis



Daar was ‘n houtkruis
Ja ´n Redder aan ‘n houtkruis vasgeslaan
Daar was ‘n houtkruis
En daarom sal ek sing

Ek onthou vir Dawid
Voor die ark het hy gedans en juig
Na die kruis van Jesus
Hoe sal ons kan hande vou en swyg

Want daar was ´n houtkruis
Ja ´n Redder aan ‘n houtkruis vasgeslaan
Ja daar was ‘n houtkruis
En daarom sal ek sing

Wie sal my stilmaak
Wie sal my kitaar se snaar afbreek
Wie sal my kan doodmaak
As my voete in dans wil los wil breek

Want daar was ´n houtkruis
´n redder aan ‘n houtkruis vasgeslaan
Ja daar was ‘n houtkruis
En daarom sal ek sing

Ek vra nie hoe jy voel nie
As gevoelens hoegenaamd besluite kon raak
Dan was daar nooit die pyn nie
Toe die spykers deur die bloed daardie houtkruis kraak

Want daar was ´n houtkruis
´n redder aan ‘n houtkruis vasgeslaan
Ja daar was ‘n houtkruis
En daarom sal ek sing

Daar was 'n houtkruis
My Jesus aan 'n houtkruis vasgeslaan
Ja daar was 'n houtkruis
En daarom sal ek sing
Daar was 'n houtkruis
en daarom kan ek sing

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • APRIL 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION



# Manne Naweek Terugblik...
# "Veg die goeie stryd"










"God will meet you where you are in order to take you where He wants you to go."
- Tony Evans





(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • APRIL 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION













(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • APRIL 2023









"God never said that the journey would be easy, but He did say that the arrival would be worthwhile"

**Max Lucado**

















## Gebed

Here, help ons om te staan in die storm
Here, help ons om te staan vir wat reg is
Here, help ons om te staan vir ons families
Here, help ons om te staan wanneer ons moeg is
Here, help ons om te staan vir mekaar en mekaar op te bou
Here, help ons om te staan.
Amen













SA GEMEENTE
SA CONGREGATION











## Seënbede

Mag jy altyd werk vir jou hande hê!
Mag jou beursie altyd 'n muntstuk bevat!
Mag jy 'n huis hê met 'n venster waardeur die son skyn!
Mag daar altyd 'n reënboog ná jou reënbui wees!
Mag die hand van jou vriend nooit te veel wees nie!
Mag God jou oë oopmaak vir jou naaste se nood!
Mag Sy Blydskap altyd jou hart vul!

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Loughton Damesoggend



Alet Gardner
DPS
vir die
dinamiese
vrou van vandag













Loughton
se vroue kuier
baie lekker saam





Here, as ek aand na aand na die
sterrehemel kyk, bedags die
majestueuse stapelwolke sien,
vertel hulle vir my iets van
U majesteit.
Elke stralende sonsopkoms
en fluweelmooie sononder
herinner my aan U trou.





Dankie vir die
wonder van U
Woord wat
vir my
wysheid gee,
vir my die pad
wys.





Dankie vir U liefdevolle geduld
met my, 'n onvolmaakte mensie
wat so maklik struikel.



Here, ek wil vanoggend
opnuut my gedagtes
onder beheer van U
Heilige Gees kom plaas
sodat wat ek dink en sê
en doen, U Naam mag
verheerlik, vir mense
om my iets van
U liefde
en genade deurgee...
U is my Rots en my Verlosser.



Gedig geskryf deur Alet Gardner na aanlyding van -Psalm 19







Baie dankie aan ons Gasvroue, jul tafels was pragtig!!







Luitha Venter se smaaklike appel blomme



Melissa van Zyl se handgemaakte juwele en haar Ma se pragtige handgemaakte handsakke.



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Doop Sondag

## 26 Maart 2023

**Baie geluk aan
Tinus, Nicholle en Aiden
met Joshua se doop.**









**Baie geluk aan
Christian, Elize en Carla
met Dean se doop.**



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Resep van die Maand

## Rooi fluweelkoek



2½ k (350 g) meel
1½ k (300 g) suiker
1 t (5 ml) koeksoda
1 t (5 ml) kakaopoeier
1 t (5 ml) sout
1 k (250 ml) karringmelk
2 eiers by kamer temperatuur
1½  k (375 ml) plantaardige olie
1 t (5 ml) wit asyn
5 t (25 ml) rooi voedselkleursel OF beet-aftreksel
1 t (5 ml) vanieljegeursel
1 hoeveelheid roomkaasversiersel

Voorverhit die oond tot 180 grade Celsius.
Na gelang van jou voorkeur, berei 3 koekpanne van 18 cm voor *of* voer 'n kolwyntjiepan met 24 papiervormpies uit.
Sif die meel, suiker, koeksoda, kakaopoeier en sout saam in groot mengbak.
Plaas die karringmelk, eiers, olie, asyn, voedselkleursel en vanieljegeursel in 'n aparte mengbak.
Meng die meelmengsel by die karringmelkmengsel.
Giet die beslag in die voorbereide panne en bak vir 35-40 minute (groot koek)
of 18-20 minute (kolwyntjies).
Versier met roomkaasversiersel en organiese roosblare.

Roomkaasversiersel

1 houer (250 g) ferm roomkaas
250 g sagte botter
2 k (280 g) versiersuiker, gesif
1 t (5 ml) vanieljegeursel
Plaas die roomkaas en botter in mengbak van 'n elektriese menger.
Gebruik die menger se klitser-hegstuk en klits tot lig en donsig.
Voeg die versiersuiker by en klits tot gemeng.
Voeg die vanieljegeursel by en klits tot net gemeng.
Vir die beste resultate, plaas die versiersel vir sowat 20 minute in die yskas voor dit gebruik word.

*Baie dankie Esthea du Preez vir die deel van jou staatmaker resep!*

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • APRIL 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# The Real Pearl Necklace

Jenny was a cheerful little girl with bouncy golden curls. Waiting with her mother at the checkout stand, five year-old Jenny saw them–a circle of glistening white pearls in a pink foil box. “Oh, please, Mommy. Can I have them?”

The mother checked the back of the box then looked into the pleading eyes of her daughter. “They’re almost two dollars. If you want them, I’ll think of some chores for you, and in no time you’ll save enough money to buy them for yourself. Your birthday is only a week away and you might get a *dollar bill* from Grandma.”

As soon as Jenny got home, she emptied her bank and counted out seventeen pennies. After dinner, she did more than her share of chores. She went to the neighbor and asked if she could pick dandelions for ten cents. On her birthday, Grandma gave her a crisp new dollar bill and at last she had enough money to buy the necklace.

Jenny loved her pearls. They made her feel grown up. She wore them everywhere–Sunday school, kindergarten, even to bed. The only place she didn’t wear them was when she went swimming or had a bubble bath. Mother said if they got wet, they might turn her neck green.

Jenny had a loving daddy. Every night when she was ready for bed, he would stop whatever he was doing and read her a story. One night, when he finished the story, he asked Jenny, “Do you love me?”

“Oh, yes, Daddy. You know I love you!”

“Then give me your pearls.”

“Oh, Daddy, not my pearls. You can have Princess–the white horse from my collection.
She’s my favorite...but please, not my pearls.”

“That’s okay, honey. Daddy loves you. Good night.” He brushed her cheeks with kisses.



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# The Real Pearl Necklace

A week later, after story time, Jenny's daddy asked again, "Do you love me?"

"Daddy, you know I love you!"

"Will you give me your pearls?"

"Oh, Daddy, not my pearls. You can have my doll–the brand new one I got for my birthday. She's beautiful, and you can even have her little yellow blanket. Please, Daddy, not my pearls."

"That's okay, honey. Sleep well and God bless you. Daddy loves you." As always, he brushed her cheeks with gentle kisses.

Several days later, when Jenny's father came in to read her a story, Jenny was sitting on her bed and her lip was trembling. "Here, Daddy," she said, and held out her hand.

She opened it and her beloved pearl necklace was inside. She let it slip into her father's hand. With one hand her father held the plastic pearls and with the other he pulled out of his pocket a blue velvet box. Inside of the box were real, genuine, beautiful pearls.

He had them all along. He was waiting for Jenny to give up the cheap stuff so he could give her the real thing.

Author Unknown

*The same with our Heavenly Father, He is waiting for us to give up the cheap/fake things in our lives. Are you holding on to harmful relationships, habits, activities... which you have come so attached to that it seems impossible to let go? Sometimes it is so hard to see what is in the other hand but do believe one thing, God will never take away something without giving us something better.*



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Today

There are two days in every week in which we do not have to worry, Two days, which should be kept free from fear and apprehension.

One of these days is Yesterday.
Yesterday with all its mistakes and cares, its faults and blunders, its aches and pains. Yesterday has passed forever beyond our control. All the money in the world cannot bring back yesterday. We cannot undo a single act we performed; we cannot erase a single word said. Yesterday is gone forever.

The other day we should not worry about is Tomorrow.
Tomorrow with its possible adversities, its burdens, its large promise and its poor performance. Tomorrow is almost beyond our immediate control. Tomorrow's sun will rise, either in splendor or behind a mask of clouds, but it will rise. Until it does we have no stake in Tomorrow, for it is yet to be born.

This leaves only one day, Today.
Any person can fight the battle of just one day. It is when you add the burdens of those two awful eternities, Yesterday and Tomorrow, that we break down.
It is not the experience of Today that drives a person mad. It is the remorse and bitterness of something, which happened yesterday and the dread Tomorrow may bring.

Let us, therefore, live one day at a time.



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

2 APRIL HUISKERK 9 UUR

9 APRIL GESAMENTLIKE PAASDIENS GUILDFORD

16 APRIL HUISKERK 9 UUR

23 APRIL EREDIENS 9 UUR

30 APRIL HUISKERK 9 UUR

## Inspirasie vir April




## Gebedslys vir April

Bid vir:

- Pastorale en Geestelike werkers
- Sendingwerkers

## Vir Paastyd

BECAUSE HE LIVES

Because He lives, I can face tomorrow,

Because He lives, all fear is gone,

Because I know He holds the future

And life is worth the living, just because He lives

DIE LEWE IS DIE MOEITE WERD, NET OMDAT HY LEEF.

Amen

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • APRIL 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen




Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com


**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Loughton

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00

**Adres:**
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG002 na 70191**
Vir direkte inbetaling:
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Loughton
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Loughton)**

---

# Kontak Ena




Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com
noordwyk@sagemeente.com


(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • APRIL 2023